

**Skriflesing:** Deuteronomium 24:10-25:4; 1 Korinthiërs 9:1-14

Teks: **1 Korinthiërs 9:9-10a- 9** *Want in die wet van Moses is geskrywe: 'n Os wat graan dors, mag jy nie mulband nie. Is dit miskien oor die osse dat God Hom bekommer?* **10** *Of spreek Hy inderdaad om ons ontwil?...*

**Sing- Ps. 8:1,6; Ps. 119:10,13; Ps. 131:1,3; Ps. 42:3,7**

Broeder en suster- vir baie mag dit voel dit is elke dag net werk en werk en daar is nooit enige uitkoms nie. Verlof en naweke, dikwels darem ook langnaweke is al vryheid wat mense voel daar nog vir hulle is. In die oggend vroeg moet baie al in die erge verkeer hulle dagtaak begin en as hulle vanaand terugkom dan is dit maar weer 'n geswoeg om by die huis te kom. Al wat baie mense eintlik die meeste by hulle huise doen, hulle slaap net daar, môre is hulle weer heeldag met die swaar van werk op pad en oorlaai. Die lewe het duur geword en baie sal vir jou sê hulle weet nie hoe hulle dit vorentoe gaan maak nie. Elke sent in die rand word al hoe minder werd dat as rande nie duisende rande word nie dan voel ek, ek gaan dit nie maak nie. Vir mense wat so lewe en so redeneer moet ons vandag die Woord van die Here biddend oopmaak en vra uself die vraag wat gee die Here aan ons en wat verwag die Here van ons?

Vir die kerk van die Here en vir die man op straat, hy/sy wat met die kerk nie 'n saak het nie, ons kan nie vir hulle dieselfde boodskap bring nie. God praat met mense wat deel van sy kerk is, God het met sy verbondskinders staande afsprake, staande beloftes, staande uitkomst wat nie maar sommer vir die wêreld geld nie. Die regte van God se kinders is nie maar sommer menseregte, soos wat menseregte in ons humanistiese tydsgees wil voorgee dat menseregte geld vir alle mense, maak nie saak of ek binne die verbond staan en of die ander man van buite die verbond oor sy regte redeneer nie. 'n Mensereg is 'n mensereg sal jy hoor, ongeag of jy glo of nie, almal het regte. Die gelowige sal dit nie so verstaan nie en nog minder dit so wil aanvaar.

\*\*\*

As gelowige is die gebed die vernaamste deel van ons lewe, spesifiek die vernaamste deel van ons dankbaarheidslewe- Sondag 45 van die Kategismus vra die vraag- V/A 116-

**Waarom is die gebed vir die Christene nodig?** Antwoord: ***Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis (a): En omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank*** (b). Die gebed maak die skerpste onderskeid wat daar seker kan wees. Dit skei die gelowige van die wêreld, dit skei selfs die kerk van die volk. Die kerk is nie jou volk nie, u en my volk is ook nie die kerk nie. Uit alle volke en nasies is die kerk gekies en God is

nog altyd daarmee besig. God se beloftes aan Sy kerk sal nie dieselfde wees as die beloftes aan 'n spesifieke volk nie. Dit is waarom volks teologie en op die einde selfs 'n volkskerk nie deel van ons geloof en ons belydenis kan wees nie. Broeder en suster, in wat ons vandag hoor en aan moet vashou is dat geen mens kan in alle geval sy plek in die volkewêreld raaksien en besef voordat hy/sy nie hulle plek in die kerk ken nie.

\*\*\*

Wanneer Paulus in ons teksverse besig is met 'n os wat besig is met sy werk maar jy mag die bek van die os nie toebind nie dan gaan dit om baie meer as die oes en die os en die mens of die volk. Dit gaan om God. Die God wat vir die osse sorg is die God wat vir jou en my vandag nog sorg. Dit is die God van die verbond, dit is die God van die kerk. Moet nie muilbande aandra daar waar God vir sy kinders wil sorg nie. Dit geld op elke terrein van die lewe. Die geskiedenis sal dit ook bewys dat tussen wat 'n mens moet doen, moet ingesluit wees die dinge wat ek mag doen. Daar moet 'n eenheid wees tussen MOET en MAG, tussen wat vir my 'n LAS is, moet ook vir my 'n LUS kan wees. My PLIG (dit wat ek moet doen) en my VOORREGTE (wat ek mag doen), is met mekaar verbind, dit vorm 'n eenheid. Dit hoort bymekaar... moet en mag, las en lus, arbeid en loon. Hiertussen lê verhoudinge en 'n eenheid wat die mense in die myne en in besonder die tragiese gebeure by Marikana nie mag vergeet nie. Sonder die besef gaan dinge al hoe meer uitmekaar begin val. Die eenheid tussen moet en mag, tussen plig en voorreg, tussen las en lus, tussen arbeid en loon.

Paulus het hierdie eenheid aangrypend vanuit God ons lewe ingebring. En dit uit die lewe van 'n os. In Deuteronomium het ons die pragtige bepalinge en wette oor hoe verhoudinge tussen mense moet lyk, hoe jy met die vreemdeling in jou land mee moet omgaan, oor hoe jy jou lone moet betaal, hoe jy jou lande moet oes, hoe jy jou druiwe, jou olywe moet pluk. Elke keer sal ons hoor dit gaan nie om jou nie, kyk weg van jou, jou inkomste, jou winste, kyk weg en sien die Here raak, dan sal jy jou medemens, jou naaste ook raaksien, al was jou naaste dalk eers vir jou 'n vreemdeling gewees, 'n arme, 'n wees, 'n weduwee. Die feit is, jy die bevoorregte mens wat kan uitdeel is begenadig met 'n vryheid en 'n loon wat aan jou gegee is, toe jy dit nie kon dink nie. Jy dit glad nié kon verdien nie, trouens mense wat slawe in Egipte was hulle ontvang die vryheid wat 'n verantwoordelikheid vir hulle is om 'n os nie te muilband as die os die graan dors nie (Deut.25:4).

\*\*\*

Paulus en sy medewerkers sien hulleself in die posisie van die os. Die boer wat met sy os reg werk sal nie toelaat dat die os vir ure en ure moet dors en hom na twaalf ure se werk maar 'n

bekkie voer laat vreet nie. Nee, die os **moet** dors maar hy **mag** eet. Hier kom die eenheid tussen MOET en MAG. Die verhouding wat moet gebeur en wat die os mag doen staan ineen en gebeur gelyk. Terwyl hy dors moet hy van die graan onder sy pote kan eet. Die baas mag nie sy bek wil toebind en redeneer dat die os moet werk maar hy moet nou nie ons profyt opvreet nie. Die Here stel hom voor hierdie os. Waar die Here sorg wil ons in die voorbeeld van die os niks minder raaksien as die Here se verbond van genade nie. Dit is vasgelê in die wet van Moses wat vir die kerk van daardie tyd 'n voorskrif was dat die os moet kan eet.

God Self tree vir die os tussenbeide. Dit wat moet en dit wat mag word eintlik in hierdie wet vasgelê. Paulus het in hierdie gemeente in Korinthe onder skerp tonge moes deurloop. Mense het hom beskinder, hom verkleineer, hom afgemaak dat hy is nie wat hy voorgee om te wees nie. Hy noem homself 'n apostel maar sommige beweer hy is maar tweederangs, hy verdien nie om ook 'n apostel genoem te mag word nie. Teen alle hierdie aanvegtinge sal Paulus homself baie versigtig verdedig. Paulus gaan sover dat in sy persoon ontsê hy hom dit wat hom eintlik sou toekom. Hy het geen vrou gehad nie, hy laat hom dit welgeval dat hy nie uit die gemeente versorg word nie. Al het Paulus wou sorg dat niemand hom nog meer kon afkraak nie het hy terselfdertyd sy teenstanders wou wys wat eintlik moet gebeur as 'n getroue dienaar hom in sy roeping en arbeid moet oorgee.

Die amp in Christus bedien is iets wat moet gebeur. Christus het Homself ook in die amp gestel maar dit moet nie net swaar wees dit wat die amp vereis nie, daar moet ook wees 'n lus en 'n liefde in Christus en in sy diens. Daar moet ook wees buiten die las van die amp dat 'n mens die voorreg ook besef, dit wat die dienaar mag doen en nie net die dinge wat hy moet doen nie. Paulus het nie die genadeverbond in die gee van die reg tot onderhoud opgeëis nie, want het hy die kerk kon laat sien in buitengewone omstandighede het die Here in so 'n buitengewone tyd buitengewone sorg aan hom kon skenk. Daarmee saam maak die Here dit deur Paulus baie duidelik dat sy dienaars wel die reg het om versorg te moet word, om ook getroud te mag wees, ja die herder van die kudde wat sy skape laat wei mag ook drink van die melk. Wanneer in die warmte van die son druiwe gepluk moet word mag die arbeider wel van die druiwe eet. Die soldaat wat midde-in die oorlog sy eie lewe geheel en al in gevaar stel moet versorg kan word. Dit wat moet gebeur en dit wat Paulus mag doen staan nie los vanmekaar nie.

Wanneer mense anders begin redeneer en wel van mening is dat dit is nou goed dat die soldaat moet veg maar hy mag nie soldy kry nie. Die Here het dit anders geopenbaar. Weereens die Here het dinge saamgevoeg wat mense nie mag skei nie. Arbeid en loon, dit wat moet en dit wat mag, dit wat las is wat ook jou juk sagter kan maak, (jou lus) moet saam wees, moet in Christus één wees. Die os moet dors maar jy mag nie die os muilband nie. Die God wat die Tien gebooi uitspreek en dit Self neergeskryf het staan by die bek van die os nie minder ernstig as bv. by die heiliging van sy Naam nie. Om nie dood te slaan nie maar jy muilband die os is vir die Here nie verskillende grade van sonde nie!

Dit wat die os moet kry is 'n reg wat God vir die os daargestel het. Dit het wel alles met die gelowige te make, ja mense kan nie sê dat hierdie os is nie 'n kerklike saak nie. Dit het alles met die kerk van die Here te make. Die ware kerk moet altyd alle gawes en geleenthede vanuit die vryheid aan die kerk verleen benader. Dit gaan vir ons vandag nog oor die feit dat sonder God kon dit so anders gewees het. Jy moet daaraan dink hoe jy 'n slaaf kon wees, maar nou God het die grondgebied van Kanaän jou ingelei, dit het Kanaän nie maar net soos enige ander plek ingelys nie, maar die grond in Kanaän ingelys is nou verbondsterrein. Dit maak Kanaän anders. Dit maak eintlik die gelowige se benadering in geheel sy/haar lewe anders. Alles wat die gelowige doen, of dit nou op die Sabbatdag was of op die Maandag, of ek binne die tempel diens doen, of buite die tempel my werk doen, die son van genade, die totale son van die werk van Christus laat sy strale só oor ons hele lewe kom, dat 'n bees moet kan aanvoel dat hoe 'n gelowige met my werk is anders as hoe 'n ongelowige dit sou doen. Selfs hoe die boere in die verbond hulle oeste sou insamel sou anders moes wees as hulle buite die verbond. Die boer in die verbond los 'n gedeelte van sy oes dat die agtergelate deel vir die wees en die weduwee daar kan wees. Dit profeteer van God se genade.

Hier is die diens van barmhartigheid nie maar net tussen die kerkbanke ter sake nie, maar die arme, die wees, die weduwee, die agtergrond waaruit bv. Rut en Naomi kom, dit alles sê vir ons God het bepaalde apparaat in sy verbond van genade ingeplant. Sulke mense soos Rut en Naomi het die verbond van God se genade in alle dinge sien straal.

Watter voorreg dat ek binne die verbond kan kom staan. Dan is my versorging nie maar net 'n bakhand gebedel nie, soos Pretoria se strate en kruisings hierdie gesigte na alle kante wys nie. Boas, die latere man van Rut het hom daadwerklik gebind aan hoe God die bepalinge van die oes van sy land voorgeskryf het. Wie dit doen, is nie maar net aan God gehoorsaam nie,

Pretoria- 7 Oktober 2012

is nie maar 'n filantroop, wat vanweë politieke gewin staatsubsidie, ouderdomspensioen of kindertoelae beding nie. Née, so een verwag dat die Here onse God uit hierdie eenvoudige maatreël van jy mag die os se bek nie toemaak nie, nog groter dinge kan laat gebeur.

Kom ons stel dit duidelik omdat Boas na God wou luister, daar waar sy werkers sy lande na die eis van Deut. 24:19 geoes het, het dit gemaak dat daar 'n huwelik tussen Boas en Rut gekom het. Uit hierdie huwelik wat van die lande kom, is daar 'n kind gebore, hierdie kind is die latere vader van Dawid en uit Dawid het Jesus Christus gekom. Dit is wonderlik wat dit beteken dat ek nie hoef te bedel nie. Rut het nie op Boas se land gebedel nie maar dit wat God se Wet haar toegelaat het, daarin het sy haar versorging gevind en op die einde selfs haar man gevind.

Sulke mense kan werklike vrede vind, iets van die mooie sabbatsvrede wat die Bybel ons toon. Dink daaraan hoe anders dit kon wees. Dink aan hoe julle slawe in Egipte was en God julle daar uitgetrek het. Alle voorregte, alle vryhede, alle opbrengs en winste, ons dink nie altyd daaraan nie, maar broeder en suster, dit is alles dinge wat die Sabbatsrus in jou lewe moet afbeeld. Dit is sabbatsklokke wat ons oor ons lewe kan hoor lui as dit finansieel met ons goed en voorspoedig gaan terwyl ek bereid is om tussen hierdie Sabbatsrus en -vrede God raaksien en ek besef sy Sabbat strek baie vêrder as 'n spesifieke dag. Dit wat hierdie Sondag inlei beteken iets vir die boere op die lande, beteken iets vir die bekke van die osse.

Paulus stel dit as retoriese vraag- *Is dit miskien oor die osse wat God Hom bekommer?* Dit gaan om baie meer as maar net osse. Die God wat so vir die osse sorg en wat die mossie op my dak ken maar ook die grys haar op my en jou kop sien uitval, dieselfde God sorg vir die groot en die klein dingetjies. Ons mense maak graag onderskeid van dit is nou 'n groot saak, hierdie is maar geringe sake. Weet u, dit wil nie lyk of God so 'n onderskeid maak nie. Is daar ooit vir God só iets soos klein sake, geringe sake, dit is moeilik aan te toon?! Selfs die groot sake, die regte wat God sy kinders gee, die beskerming, die versorging, dit kom uit daar waar die boer sy osse sy graan laat dors, daar waar Boas se werkers nie vir Rut mag wegjaag nie. Dinge styg bó die os en die mens uit. Die Wet is geen handboek vir veeteelt nie, die Bybel is nie 'n landbou-handboek nie, maar die verbond wat die Bybel ons leer dit gaan oor genade en oor liefde en oor hoop en oor geloof. God wat sy genade teenoor 'n os by sy krip en op die dorsvloer uitbeeld. Ja, het Jesaja beskamd vir die kinders van die verbond gesê hoe die osse en die donkies ons voor kan wees- Jes. 1:3- *'n Os ken sy besitter en 'n esel die*

*krip van sy eenaar, maar Israel het geen kennis nie, my volk verstaan nie.* God sê hierdie dinge, beslis nie om die diere te prys nie, maar om dit duidelik te maak hoe God wil hê ons Hom moet ken, Hom moet liefhê, Hom moet dien.

God praat inderdaad om ons ontwil, so stel Paulus dit ook (v 10). Dit gaan nie maar om alle mense nie. Nee, dit gaan oor hulle wat God sy eiendom gemaak het. Vir die kinders van die Here, spesifiek die apostels en hulle helpers het God vir hulle 'n reg toegeken- vv 5-6: *5 Het ons dan geen reg om 'n suster as vrou met ons rond te neem net soos die ander apostels en die broers van die Here en Céfás nie? 6 Of het net ek en Barnabas geen reg om die hande- arbeid na te laat nie?* Die reg aan hulle toegeken soos in die osse vertoon is deur die verbond van genade vir die mens al duideliker en duideliker gemaak. Abraham het die eerste daarvan ontvang, toe het Moses nog 'n groter deel beleef. In die dae van die ballingskap het God dit nog duideliker laat welgeval dit wat sy genade beteken. Toe Christus op aarde was hoe duidelik kom dit toe nie daarop aan nie. Ná Pinkster is die verbond van genade in alle opsigte oor ons aan die werk. Dit alles kom na ons, want ons is nie gemuilband nie.

Tog vóór ons dit ten volle kan begryp gaan dit om die Een wat wel die muilband moes dra. Toe Christus gekruisig is, Hy het die angste van die hel moes deurgaen, alle smart gely wat daar kan wees, Hy wat dit uitgeroep het- *My God, My God waarom het U my verlaat...* Hy wat dors en in pyn die las van ons sonde moes aantrek, in sy sweet en bloed is dit Hom uitgepers, dit alles deel van 'n muilband Hom ten volle aangebind. Hy wat nie die voorreg kon hê wat selfs die os ontvang. Dinge wat die os moet doen en tog mag hy graan eet. Sy moet en mag, sy las en vreugde, sy plig en voorregte is by die os nie geskeie nie, maar om dit vir ons te kon gee, moes Christus geskeie van God die dood ingaan, maar was die muilband Christus so styf om Hom gebind dat Hy die dood wat Hy moes sterwe nie kon ingaan met die voorreg van Hy die hel mag verbygaan nie. Die dood aan die kruis het die angste van die hel nie uitgesluit nie. Dit moet, dit is ene plig, dit is 'n sware las, sonder dat daar enige vergunning, versagting of voorreg Hom geskenk kon word.

Ons mag wel tye van swaar deurgaen maar in die ware geloof is geeneen van God se kinders gemuilband nie. God maak spyse van die muilbande, Hy kan heuning skenk waar die wêreld dit bitter wil maak, die Sabbatsrus, die Sabbats vrede, dit kan soos 'n suurdeeg ons hele lewe deurtrek. Ons het geen rede om die toekoms te vrees nie, al vergaan die wêreld. As die

wêreld vergaan sal ons opstaan in 'n nuwe gedaante, verjong, gereinig, vernuwe. Ons kan volmoed in Christus die Here dien want die God wat die osse versorg hoeveel te meer sal Hy nie vir u sorg nie. Hy wat die muilband van ons lewe moes dra het vir ons met Hom Een gemaak. Wie nie sy kruis aanvaar nie het nie deel aan die eenheid nie. Ons pligte, ons voorregte, dit wat ons moet doen, dit wat ons dan ook mag doen, dit het Christus vir U aanmekaar gebind. Die bande van sy verbond, die verbond van genade wil dit al vêrder oor u en my lewe laat kom dat hy wat moet ploeg, hy mag nou op hoop ploeg, hy wat moet dors, hy mag hoop dat die oes groot sal wees. U en ek wat lewe in 'n deurmekaar tyd, 'n wêreld baie deurmekaar ons moet ons plek in die kerk ken, dan mag ons vanuit die kerk kyk na 'n wêreld wat uit homself geen hoop kan bied nie, maar ons mag werk met hoop op hoop.

AMEN